

Dinsdag 25 September

Skrifgedeelte: Rigters 17:1-13

Fokusgedeelte: Rigters 17:13

God rig ons deur Christus!

In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie. Elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë. "... in dáárdie tyd ..." – dit is hoe die Rigtertydperk vir ons voorgehou word. 'n Tyd van groot afvalligheid en geestelike rigtingloosheid!

Daar was 'n man met die naam Miga. Hy het sy eie tempel gehad waar hy en sy familie afgode geëer het (:5). Miga het 13 kilogram silwer van sy moeder gesteel (die agtste ge-bod oortree). In hierdie tyd het hy gehoor hoe sy moeder "die silwer" wat gesteel is, ver-vloek. Miga het toe teenoor haar bely dat dit hy was wat die silwer gesteel het. Sy het hom vrygespreek, die silwer vir hom teruggegee en die silwer, in belang van haar seun, aan die Here gewy. Sy het, nadat hy dit vir haar teruggegee het, 2½ kilogram geneem en 'n af-godsbeeld laat maak (die eerste en tweede gebod oortree). Hierdie afgodsbeeld is toe in sy huis geplaas.

In dáárdie tyd kom daar 'n Leviet wat as vreemdeling in Betlehem gewoon het, by Miga aan. Nadat Miga hom uitgevra het oor waar hy vandaan kom, stel hy hom aan as priester in sy tempel. Die Leviet het ingestem om by sy tempel diens te doen (:11). Miga sê toe in vers 13: *"Nou weet ek die Here sal vir my goed wees, want die Leviet het my priester ge-word!"*

Ons sien in die beeld van Miga – die doel heilig die middele – hy wou homself verryk! Hy steel by sy moeder geld en nadat sy dit vervloek het, gee hy dit terug – nie omdat hy skuldig gevoel het nie, maar omdat sy "die dief wat dit gesteel het", vervloek het. Hy is meer bekommerd oor die "gevolge" (spyt).

Die verdere gevolg is dat hierdie "gesteelde silwer" gebruik word om 'n afgodsbeeld te maak en dit aan "die Here" te wy! In sy geestelike verwaandheid sê hy dan selfvoldaan dat hy weet die Here sal vir hom goed wees, want die Leviet het sy priester geword. Jakkals prys sy eie stert! Hy probeer die Here manipuleer tot sy eie, "gemaakte" godsdienste. Dit is gevaarlik!

God soek berou in Christus deur sy Gees. God soek nie menslike spyt nie (Miga, Judas). God wil hê ons moet hom van harte dien (Rom. 12:1-2) en uit dankbaarheid sy ge-booië nakom.

Sing: Psalm 25-1:1

Ds. GJ (Gert) Erasmus (Komatipoort)